’n Kat sê eendag vir ’n muis

’n Kat sê eendag vir ’n muis:
“Ek voel tog so alleen.
Kom speel hier met my in die huis,
Dan gee ek jou ’n been!”

“Nee, dankie,” sê die slimme muis.
“Ek bly maar weg van jou –
By katte voel ek glad nie tuis,
Hulle wil my beentjies kou!”

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Oor die rympie

In hierdie rympie nooi ’n kat ’n muis om by hom te kom speel deur te maak of hy alleen is en die muis met ’n been te probeer lok. Maar al is die muis baie kleiner as die kat, weet hy die kat jok vir hom en wil hom opeet en sy beentjies kou. Daar kan ’n lessie hierin wees: as jy nie groot en sterk is, soos die kat nie, moet jy slim wees, soos die muis.

About the rhyme

In this rhyme a cat invites a mouse to come and play with him by pretending to be alone and offering the mouse a bone to chew on. But even though the mouse is much smaller than the cat, it knows the cat wants to eat it. There could be a life lesson here: if you aren’t big and strong, like the cat, you have to be clever, like the mouse.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Aktiwiteite

- Gesels saam oor die rympie – byvoorbeeld: Dink julle regtig die kat het alleen gevoel? Dink julle die muis het die regte keuse gemaak? Wat sou jy gedoen het as jy die muis/die kat was?
- Vra vir jou kinders: “Watter teken dink julle kan die muis maak om ander muise teen die kat te waarsku?” (Byvoorbeeld: Pasop vir die kat!/Gevaar!) Nooi jou kinders om een van hierdie waarskuwingstekens te maak.
- Maak ’n “nes” buite met stoele of ’n tafel. Nou maak een van julle of hy of sy ’n kat is terwyl die ander die muise is. Laat die muise rondhardloop en veilig in die “nes” probeer kom sonder dat die kat hulle vang.

Activities

- Talk about the rhyme together – for example: Do you think the cat really felt lonely? Do you think the mouse made the right choice? What would you have done if you were the mouse/the cat?
- Ask your children, “What sign do you think the mouse could make to warn other mice about the cat?” (For example: Beware of the cat!/Danger!) Invite your children to make one of these warning signs.
- Use chairs or a table to create an outdoor “den”. Now one of you can pretend to be a cat while the others are the mice. Let the mice run around and try to get to the safety of their den without the cat catching them.